Western Cape Government

Western Cape Education Department
Directorate: Curriculum FET

# AFRIKAANS HUISTAAL

## HERSIENINGSBOEK
## 2025 KWARTAAL 3 & 4

## Graad 11

Hierdie hersieningsprogram is ontwikkel om jou te help met die hersiening van belangrike inhoud en vaardighede wat gedurende die derde kwartaal onderrig is. Die doel is om jou voor te berei om die kernkonsepte te verstaan. Dit wil jou ook die geleentheid bied om die verwagte standaard en toepassing van kennis te verkry wat nodig is om sukses in die NSS-eksamen te behaal.

**INHOUDSOPGAWE**

HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK ........ 2
ROMAN: DROOMDELWERS ........ 2
VRAESTEL 3: DIE CURRICULUM VITAE EN DEKBRIEF ........ 144
TAALSTRUKTURE- EN KONVENSIES ........ 200
OEFENING OOR WOORDSOORTE ........ 266

**HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK**

- Hierdie hersieningsboek handel oor die roman, *Droomdelwers*, die Curriculum Vitae en Dekbrief en Woordsoorte.
- Lees die notas en verduidelikings deeglik deur.
- Om die inligting en oefeninge oor die roman, *Droomdelwers*, te verstaan móét jy die boek klaar gelees het!
- Doen al die oefeninge wat in die boek voorkom. Probeer eers om die vrae self te beantwoord, voordat jy die memorandum raadpleeg.


**ROMAN: DROOMDELWERS** (Esta Steyn)

**LEEROOMBLIK:**

Toets jou kennis deur die volgende Kahoot! Te speel.

Skakel: https://create.kahoot.it/share/droomdelwers-hoofstuk-1/16d70f66-7af2-44ba-aa20-69cef3d71b94

QR-kode




In hierdie afdeling gaan ons fokus op die beantwoording van die **kontekstuele vrae** van die roman asook die stappe vir die beantwoording van die **opstelvraag** aanspreek.

***ONTHOU: Voordat ons kan begin, MOET JY DIE ROMAN vanaf bl. 1-218 deurgelees het!***

| **TEMA en BOODSKAP van die roman** | |
|---|---|
| Boodskap: Dit is die stryd tussen arm en ryk om besit van Vlaktevlei. Die Redelinghuyse is vasberade om 'n bruin gemeenskap die bestaansreg van hul grond te | Die volgende boodskappe van die storie is baie aktueel:<br>• Leer ander mense en kulture ken om inskiklik, meelewend en mensliewend op te tree;<br>• Protes teen ongeregtigheid bring uitkoms; en<br>• Vergifnis sal jou uiteindelik vrymaak en vrywording of |

| | |
|---|---|
| ontsê ten einde hul eie hebsugtige geldmaakdroom en selfsugtige belange te bevorder. Gierigheid veroorsaak konflik tussen 'n ryk, wit familie en 'n beskeie bruin gemeenskap. | berusting bring. |
| Ander universele temas is ook belangrik in die roman. Dit is temas soos:<br>• liefde;<br>• waarheid teenoor leuens;<br>• reg teenoor verkeerd;<br>• gesinsgeweld;<br>• die belangrikheid van harmonieuse gesinsverhoudings; en<br>• korrupsie. | |

**Hoe dra sommige van die volgende verskillende literêre kenmerke van dié roman by tot die versterking/ ondersteuning van die boodskappe en temas?**

**Intrige:**
Leendra soek na die waarheid oor haar ouers se dood en streef na die bevryding wat vergifnis mag bring. Haar aankoms op Soutmansdal skep oombliklik spanning met die gegewe dat sy in die tronk was. Die spanning neem toe totdat Sielie besef wie hul ouers vermoor het.

**Subintriges:**
Die liefdesdriehoeke van Leendra, Ferdinand en Patricia asook van Gerald, Jamaina en Rebekka. Spanning ontstaan ook vanaf Samuel se aankoms tot by die hoogtepunt van sy troue met Leendra. Phil erken dat hy haar ouers vermoor het en pleeg selfmoord. Sy vind bevryding van haar wraaklus.
Gerald keer terug na sy gesin.
Die Vlaktevleiers verset hul teen gedwonge verskuiwing.
Die ryk Redelinghuyse manipuleer almal weens hul geldmag, maar weens protesoptredes leer hulle die Vlaktevleiers ken.
Die Vlaktevleiers kry nuwe huise en werksgeleenthede.
Gilbert Redelinghuys bieg oor sy valse getuienis.
Sielie vind liefde en oorkom haar spraakgebrek.

**Karakter en karakterontwikkeling**
Verskeie karakters uit die twee gemeenskappe, plus die inkommers, fokaliseer. Daar is moorde, dreigende onteiening en ontwrigting, en die skelmstreke van vele.
Leendra is die protagonis wat groei vanaf 'n naïewe, jonger meisie tot 'n behoedsame, siniese vrou wat bevryding vind van haar wraaklus.
Gerald, die pastoor is vasgevang in 'n liefdesdriehoek en voer 'n sielestryd, maar keer terug na sy gesin.

**Innerlike en uiterlike konflik**
Die Redelinghuyse se bose plan is om die mense van die nederige maar gelukkige gemeenskap van Vlaktevlei te ontwortel en na Dwarsmansdal te laat verskuif. Dit veroorsaak uiterlike konflik en opstand in dié gebied.
Gerald voer 'n innerlike stryd as gevolg van sy liefdesdriehoek.
Leendra ervaar botsende gevoelens jeens Samuel wat dikwels lei tot uiterlike konflik.
Eksterne konflik vind plaas tussen Leendra en die Redelinghuyse nadat hul teen haar getuig het en haar in die tronk laat beland het.

| **Agtergrond en milieu en invloed daarvan op karakter en tema**<br>Die agtergrond en milieu is duidelik afgebaken en skep 'n geloofwaardige konteks waarin die karakters, temas en boodskappe ondersteun word. Die volgende plekke word onderskei:<br>• Soutmansdal (fiktiewe dorpie aan die Weskus: poskantoor, slaghuis, algemene handelaar, banktak, kafee);<br>• Vlaktevlei (Bruin nedersetting: kerkie met pastorie, viermanskool);<br>• Soutmanshotel; Cape Town Station (buite Soutmansdal geleé);<br>• Soutpanne;<br>• Silwerkruisgevangenis; en<br>• Weskus.<br>Dit is die jaar 2005, waar selfone, minirokkies en viertrekbakkies aan die orde van die dag is. |
|---|

**OPSTELVRAAG:**

In die roman ervaar Leendra van Hellberg **uiterlike** sowel as **innerlike konflik** wat bydra tot haar groei na **ware vergifnis/berusting**.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 350–400 woorde. [25]

**WENKE BY BEANTWOORDING VAN DIE OPSTELVRAAG**

- Lees die vraag deur en onderstreep die werkwoorde (kernwoorde).
- Lig ook ander kernwoorde uit (bv. Karakters se name, konflik ens.) deur 'n glimpen te gebruik of dit te onderstreerp.
- Trek nou 'n tabel met 3 kolomme: Argument/motivering, Verduideliking, Aanhaling/Parafrase.
- Gebruik jou kernwoorde en vul nou die kolomme in.
- Vir elke motivering/argument wat jy maak (kolom 1) moet jy ten minste een bewys/rede/verduidliking/aanhaling gee. (kolom 2 en 3).
- Onthou om in paragrawe te skryf.
- 'n Inleidings- en slotparagraaf moet ook gegee word.
- Moenie feite in verskillende paragrawe herhaal nie. Die oorvleueling veroorsaak dat jy punte verhoor.
- Hou by die volgorde van die opdrag – moenie deurmekaar skryf nie.
- Slegs 350 –400 woorde.

***STAP 1:***

*Inleiding*

Buig die vraag - skryf 'n stelling in jou eie woorde!

Voorbeeld:

*In die roman Droomdelwers ervaar die hoofkarakter Leendra duidelike uiterlike sowel as innerlike konflik. Hierdie konflik dra by tot haar groei na ware vergifnis.*

***STAP 2***:

- *Jou kolomme kan as volg daaruit sien. Dis slegs rofweg. Onthou jy mag nie in hierdie kolomme jou vraag beantwoord nie. Dit MOET in paragrawe geskryf word. Elke argument/motivering kan 'n paragraaf wees.*
- *'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:*
  - *relevante <u>verduideliking</u> gemotiveer word.* ***OF***
  - *korrekte, <u>gepaste aanhalings</u> uit die roman gemotiveer word.****OF***
  - *<u>geparafraseerde aanhalings</u> uit die roman gemotiveer word.*

**ARGUMENT/MOTIVERING:** **VERDUIDELIKING OF AANHALING OF PARAFRASE**

| | | |
|---|---|---|
| **UITERLIK** | | |
| Leendra is in 'n woordewisseling met Samuel. | Leendra probeer die tentpenne uittrek. | "Wat doen jy nou eintlik, juffrou?" "Ek is nie 'n helleveeg, meneer! Ek is 'n Van Hell-BERG!" (Bl. 65) |
| Leendra konfronteer Samuel toe hy tent op Kleinkloof opslaan en sy probeer hom verjaag. | Vreemdelinge hoort nie daar nie omdat die stukkie aarde so groot deel van haar verlede is. | "Wat soek jy miskien hier, meneer? Dis nie 'n piekniekplek nie." Bl 65 |
| Leendra baklei met oom Phil omdat 'n handelaar van die Kaap haar ma se orrel gekoop het. | Oom Phil het nie die reg gehad om sommer iets so kosbaars te verkoop nie. | Bl. 26: "'n Vreemde blêrrie fool van die Kaap af! Wat niks van my ma af weet nie. Wat niks van 'n orrel af weet nie! Op 'n blerrie vreemde lorrie!" |
| Gilbert baklei met Leendra oor hy dink sy het haar mes vir hom in na alles wat al oor die jare gebeur het. | Hy vermoed sy het aan die polisie inligting verskaf om hom in die moeilikheid te laat beland. | a) ........................... |
| Gerald, Lucia en Gretel begelei Leendra in haar stryd om vrede en waarheid te ontdek.<br>Elk van die karakters word 'n toevlugsoord vir Leendra waar sy met raad en ondersteuning bedien word. | Gerald beklemtoon dat mens byvoorbeeld soms moet terugkeer na die wonde van jou verlede wat maak dat Leendra na die Kleinkloof toe stap.<br><br>Gretel begelei Leendra om nie by een moment in haar lewe stil te staan nie.<br><br>Lucia bemoedig haar om die Rededlinghuyse in die hotel te trotseer. | Bl. 52. "Partymaal wanneer ons teruggaan na die plek van ons pyn, sien ons hoedat die tyd tog genesende rowe maak."<br><br>(b) ……………………..<br><br>(c) ……………………… |
| Leendra se soeke *na ware vergifnis* bereik 'n hoogte-punt met die finansiële state wat sy met Lucia en Samuel se hulp bekom. | Sy het die moed om vir Phil te konfronteer oor die onreg wat teenoor haar familie gepleeg is. | (d) …………………….. |
| Leendra vind *die waarheid uit* en kan vergewe in die slot. | Sy wou eintlik nooit wraak neem nie, maar slegs die waarheid vind wat Sielie wel onthou het met die konfrontasie met Phil. | (e) ……………………. |

| **INNERLIK** | | |
|---|---|---|
| Leendra se *innerlike konflik* wat deel vorm van haar karakterontwikkeling is ook rondom Phil wat in sewe jaar nooit met haar kontak gemaak het nie. | dat Phil maak asof hy nie 'n "wafferse korrespondent is nie" is nie genoeg vir Leendra nie, die gevoel wat sy het, is een van "woede". | **"**Die woede. Dit het nie bedaar nie. Bl. 24 |
| Onder die gul tafelgebed wonder sy waar Phil vir die 7 jaar was toe sy in die tronk was. | Sy neem Phil kwalik dat hy haar in die "hel van ellende" vir 7 jaar alleen gelos het en kry die idee dat hy met sy gul tafelgebed en werksaanbod probeer vergoed. | Waar was hy die hele tyd? Wonder sy. Was hy besig om te bid? So besig dat daar nooit tyd was vir 'n brief of foonoproep nie? Bl. 18. |
| Leendra se innerlike konflik verdiep as sy met Phil bots oor haar pa se finansies | Phil bring Leendra onder die indruk dat Hendrik se steengroef teen 'n verlies gewerk het en hy tot haar ma se antieke orrel moes verkoop.<br><br>Leendra se woede vlam weer teenoor Phil op oor die orrel en sy bevestig met oom Bontie dat Hendrik nie een was vir skuld nie en Western Mining sou tog nie 'n bankrot steengroef wou koop nie | Haar skouers ruk van die ingehoude huil. Bl 26<br><br>(f) ……………………. |
| Samuel dra by tot Leendra se innerlike konflik | Dit ontstel Leendra dat hy met selfvertroue teenoor haar optree en sy erken dat hy haar "ontsenu" veral as sy uitvind hy is Mario se vennoot wat 7 jaar gelede met haar pa onderhandel het. | (g) ……………………. |
| Leendra is besonder agterdogtig oor Samuel en so vasgevang in haar soeke na antwoorde dat sy nie besef dat Samuel in haar belangstel nie | Hy het spesiaal vir haar die foto's van Kleinkloof van die Kaap saamgebring en haar ge nooi vir brood, wyn en visbraai. Sy voel hy is ingekruip" by die Redelinghuyse. | (h) ……………………. |
| Leendra se haat. Sy erken aan Boeta dat as sy die dag kon oorkry sy Gilbert weer sou skiet. | | (i) ……………………. |
| Leendra is agterdogtig teenoor Samuel in die hede. | Leendra onthou die laaste aand wat Ferdinand skielik "koud" teenoor haar geword het, haar wantrou en haar 'n "slet" genoem het | (j) ……………………. |

***STAP 3:***

*Slot*

Jy moet nou 'n gepaste slot skryf – dit moet pas by jou inleidende paragraaf. 'n Duidelike gevolgtrekking/samevatting moet dus geformuleer word.

*Voorbeeld:*
*Dit is dus duidelik dat uiterlike en innerlike konflik bygedra het tot Leendra se groei. Elke karakter het 'n rol gespeel wat uiteindelik gelei het tot haar groei. Leendra vind ware vryheid deur die waarheid omtrent die verlede te ontbloot en mense wat haar liefhet en ondersteun het se warmte en liefde te ervaar.*

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **RUBRIEK** VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN nagesien.

**JY MOET ONTHOU:**

- Die memorandum bevat 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie, maar dis essensieel dat jy innerlike sowel as uiterlike konflik by die hoofkarakter (Leendra) moet aandui en telkens motiveer/ verduidelik.
- Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.
- Jy moet 'n gepaste inleiding en slot aanbied.

***OPDRAG:***

- Voltooi die ontbrekende inligting in die tabel hierbo a-j) met aanhalings uit die roman.
- Skryf dan die volledige opstelvraag in jou antwoordboek oor.

**KONTEKSTUELE VRAAG**

**Hier volg 'n paar wenke wat jy moet volg wanneer jy hierdie vrae beantwoord:**

1. Jy moet die verhaal ten minste twee (2) keer gelees het om die karakters en hul ondelinge verhouding asook die fyner detail te verstaan.
2. Let ook op aspekte soos belangrike gebeure, karaktereienskappe, karakterontwikkeling, konflik, spanning en stemming. Maak seker dat jy die verskillende terme / aspekte verstaan.
3. Lees die uittreksels deeglik deur en maak seker jy is vertroud met die inhoud en konteks (waar, wanneer die gebeure afspeel en wie is die belangrike karakters)
4. Lees die vrae sorgvuldig deur.
5. Analiseer / maak seker jy verstaan die vraag (jy kan die kernwoorde onderstreep).
6. Vra altyd die vraag: Wat moet ek antwoord? Dit sal jou die nodige aanduiding gee.
7. Belangrik ook is om te kyk hoeveel punte elke vraag tel. Dit gaan jou wys hoeveel woorde, sinne, aanhalings of enkel woorde jy moet skryf.
8. Onthou: dis JOU interpretasie en eie antwoord wat betekenis dra. Die memo is slegs 'n riglyn.

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Dis Sielie wat voor haar bed staan.

"Sielie?"

"Ssu-ssie."

Sielie se donker krulle staan woes en wild om haar kop. Haar donker oë kyk stip. Sy haal 'n lappop onder jaar pajamatop uit. "M-mamma kan ... by Ssu-ssie s-slaap." Sy lê die lappop langs Leendra neer en trek dit versigtig met die punt van die duvet toe.

"Dankie, Sielie."

"Nag, Ss-ssussie. Nag, M-mamma."

En toe gaan Sielie uit en trek die deur agter haar toe. Leendra staar na die pop met die donkerbruin wolhare. Dit het 'n voorskoot aan. Die lyfie is sag en gerond. Die oë is twee bruin kraletjies. Die lippies is laggend en pienk.

Mamma.

Die pad na die Kleinkloof loop op teen die kliprante, agter die hotel verby. Die kliphuis, die kamers, die kombuis, die koekies, die werf, kuikens, die steengroef, klippe.

Mamma!

Die trane wat so lank diep weggesteek was, loop uit en val op die bruin kraletjiesogies wat huil, nes sy. Dwarsdeur die nag voel sy die lyfie teen haar rug. Sy droom van die werf en die huis in die kloof. Haar ma plant pers vygies teen die rotsrante. Haar ma gee die hoenders kos.

Sielie help haar.

Sy word wakker en met skielike helderheid onthou sy iets. Dis 'n vlietende gedagte wat helder deur haar brein dring: Die Italianer wat by Pa was.

Wie was hy?

Sy slaap weer.

Toe sy die volgende oggend wakker word, staan die deur effens oop.

Daar is geen teken van die Mamma-pop nie.

7.1 Watter belangrike gebeurtenis het vroeër hierdie dag plaasgevind? (1)

**Kommentaar**: Onthou hier word van jou verwag om die gebeure te onthou wat voor die uittreksel plaasgevind het. Die kernwoorde is: **belangrike gebeurtenis.**

7.2 Benoem die soort verteller in hierdie uittreksel en verklaar die rol van die verteller in reël 1. (2)

**Kommentaar**: Jy moet weet dat ons verskillende soorte vertellers kry:
**Eerstepersoonsverteller**: die persoon was daar toe als gebeur het, vertel self;
**Tweedepersoonsverteller**: een persoon vertel of verduidelik die storie aan ander;
**Derdepersoonsverteller**: peroon wat glad nie deel van die verhaal is nie.
Die kernwoorde is: **Benoem soort verteller; verklaar die rol**.
Onthou jy moet twee dele antwoord: gee die woord en 'n verduideliking.

7.3 Verklaar die gebeure wat tot Sielie se spraak in reël 3 aanleiding gegee het. (1)
**Kommentaar**: Hier moet jy verduidelik - net een sin is nodig. Die kernwoorde is: **verklaar** – jy moet jou eie mening/opinie gee.

7.4 Hoe het die lappopmotief voortdurend die spanning in die verhaal verhoog? Motiveer ook dat dié lappopgesin tot Sielie se karakterontwikkeling bygedra het. (2)
**Kommentaar**: Hier moet jy weet wat beteken of waarna verwys **motief**. Motief is
**Iets wat herhaaldelik in die storie voorkom of 'n voorwerp wat elke keer voorkom**.
Ook die woord **spanning**: verwys na geestelike toestand of **jou gemoed** wat deur sekere situasies of gebeure jou **ongemaklik, senuagtig, gefrustreerd of self woede** laat voel. Die kernwoorde is: **lappopmotief** en **karakterontwikkeling (verwys na 'n persoon se gedrag, maniere of optrede wat verander: gewoonlik positief, maar ook negatief)**

7.5 Hoekom ervaar Leendra innerlike konflik oor haar ma? Is hierdie konflik eindelik opgelos? Motiveer jou antwoord. Noem enige EEN voorbeeld van uiterlike konflik by Leendra en motiveer of dié konflik opgelos word. (4)
**Kommentaar**: Jy moet verstaan of weet wat is **konflik**: wanneer onmin of verskil tussen twee of meer persone ontstaan oor sekere aspek, optrede of gevoel.
Daar is twee soorte konflikte: 1. **Uiterlike konflik** – fisiese hardhandigheid / baklei of deur woordewsseling / skel of hewige gesprek of stryery. **Innerlike konflik** is wanneer jy teenstrydige emosies ervaar of jy dink oor dinge aspekte wat jou pla.
**NB**: let op dat die vraag **4 punte** tel. sorg dat jy alle dele beantwoord.
Die kernwoorde is: **Leedra, innerlike konflik, uiterlike konflik**

7.6 Wat is die naam en van van die Italianer wat Leendra in reël 25 onthou? Gee TWEE karaktereienskappe van die karakter en motiveer telkens hoekom jy so sê. (3)
**Kommentaar**: jy moet weet wat is **karaktereienskappe**. Dit verwys na 'n persoon se fisieke (**liggaamlik**) persoonlike (**maniere**) of gedragseienskappe (**optrede** binne verskeie situasie). Die kernwoorde is: **naam, Italianer, twee karaktereienskappe** asook **motiveer**. Let ook daarop dat die vraag **3 punte** tel.

**EN**

**TEKS B**

*'n Week na Rebekka se begrafnis het die nuus gekom dat Western Mining 'n offer van miljoene rande ingesit het by die Redelinghuyse om Vlaktevlei yt te koep. Die klipman het van ver af gekom virrie groot transaksie.*

Leendra loop met die bossie blomme oor die wit soutpan tot waar die rooi

kol in die wit sout gelê het. Sy sit die blomme neer en kniel stil peinsend. Sy kyk op wanneer sy die geluid hoor. Dis Samuel se rooi Fordbakkie wat van ver af aangery kom! Sy spring op en hardloop hom met lang hale tegemoet. Hy klim uit die bakkie, tel haar hoog op in die lug en sit haar weer neer. Hy lees die blydskap in die groen oë.

Juffrou Van Helleveeg, as ek jou vra om saam met my in 'n tent te woon, belowe jy plegtig om nie ons tentpenne uit te pluk nie?
"Ja!" sê sy.

Toe soen hy haar daar op die ooptes van die wit hemel waar die son soos diamante op soutkristalle skyn.

*Toe Western Mining Vlaktevlei oorvat, het hulle vir ons nuwe klaskamers by die skool aangebou en Jamaina weer aangestel as prinsipaal. Hulle het nuwe hyse gebou en parke aangelê. Hulle het die strate geteer. Hulle het groot kantore daar opgesit en Vos Philander wat by die skool bedank het, het daar 'n offiesjop gekry. Hulle het vir ons 'n groot community hall gebou met 'n kliniek daarby. Dit was die Rebekka Cupido Community Hall.*

7.7 Verklaar die rede vir die wit spasie tussen reël 4 en 5.
**Kommentaar**: Hier moet jy woorbetekenis ken: wit spasie verwys na die **oop spasie / reels tussen lyne**. Die kernwoorde is: **verklaar die rede.** (1)

7.8 Verklaar die rede vir Leendra se handeling in reël 5–6. Dink jy Leendra se optrede is geregverdig? Motiveer jou antwoord.
**Kommentaar**: Weereens moet jy weet dat handeling verwys na optrede of gedrag. Die kernwoorde is: **verklaar**, **handeling** en **regverdig**.
Onthou die vraag tel **2 punte** – skryf dus 2 feite of sinne neer. (2)

7.9 Watter karakteriseringstegniek span die skrywer in die onderstreepte woorde in reël 11 in om Leendra te karakteriseer? Watter afleiding kan die leser hieruit omtrent Leendra maak?
**Kommentaar: Onthou karaktirisering is hoe 'n karakter uitgebeeld of bekendgestel word.** Die kernwoorde is**: karakterisering** en **watter afleiding** (2)

7.10 Dink jy reël 18–19 dui op 'n ironiese wending in die verhaal? Motiveer jou antwoord. Dink jy die verwikkeling in reël 16–22 skakel op konnotatiewe vlak met die romantitel? Motiveer jou antwoord. Sê ook hoekom die naam van die gemeenskapsaal baie gepas is deur na Pastoor Gerald se preek by Rebekka se begrafnis te verwys.

**Kommentaar**: Hier moet jy weer **betekenis van woorde** ken:
**Ironiese wending** – is 'n **verrassende verandering** in die **verhaalgebeure** aan die einde. **Konnotatiewe vlak** – verwys na **verbintenis** tussen die **verloop van gebeure en** die **titel.** Die kernwoorde is: **ironiese wending**, **verwikkeling**, **konnotatiewe vlak**, **naam van gemeenskapsaal** en **preek**.
**Let wel:** die vraag tel **3 punte**. (3)

7.11 Beskryf kortliks die verskil in die stemming wat in TEKS A en TEKS B heers?
**Kommentaar**: Onthou – jy moet weet wat **stemming** is– dit verwys na die **emosie of gevoel** wat in die situasies of gebeure ervaar word.
Die kernwoorde is: **verskil** in die **stemming** in **Teks A** en **Teks B**. (1)

7.12 Wat is die hooftema en 'n moontlike boodskap van *Droomdelwers*?
Sê ook watter implikasie die romantitel vir Leendra se karakterontwikkeling ingehou het.
**Kommentaar**: die volgende terme/ kernwoorde is belangrik:
**Tema**: verwys na die **hoofgedagte** waaroor die storie handel;
**Boodskap**: verwys na **waardes** wat oorgedra word;
**Implikasie**: verwys na **gevolge van optredes**;
**Karakterontwikkeling**: **groei van die persoon** hetsy positief of negatief.
**Onthou**: die vraag tel **3 punte**, dus moet jy 3 sinne of feit as antwoord neerskryf. (3)
**[25]**

Hieronder volg die memorandum of nasienriglyne. Onthou om eers j**ou eie antwoorde** neer te skryf en vergelyk dit met die riglyne.

Let wel: die NSS-nasienproses akkommodeer jou eie opinie/seining/interpretasie binne die gegewe riglyne. So dit bly belangrik dat jy leer en oefen om jou eie respons op antwoorde te skryf.

Let op jou woordgebruik, spelling en sinsbou / -konstruksie.

Belangrik ook: jy kan nie punte verdien vir oop spasies nie; beantwoord dus alle vrae.

**ANTWOORDE:**

**VRAAG 7: DROOMDELWERS – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Leendra is uit die Silwerkruis Gevangenis vrygelaat. √ | 1 |
| 7.2 | Derdepersoonsverteller √<br><br>Die verteller skep afwagting/spanning omdat die leser nie weet wat Sielie gaan doen nie/hoe Leendra gaan reageer nie. √ | 1<br><br>1 |
| 7.3 | Sielie (en Leendra) se ouers is in 'n gasontploffing oorlede en sedertdien is Sielie se spraak (en gedrag) aangetas. √ | 1 |
| 7.4 | Sielie herleef die werklikheid van haar verlede deur haar verbeeldingsvlugte met haar lappopgesin en daarom wil die leser leidrade omtrent die baie raaisels in die intrige hierdeur probeer aflei./Die leser kry slegs gedeeltes van die waarheid deur haar poppespel en dit verhoog dus die spanning. √<br><br>Sielie se handeling met die lappoppe het eindelik tot die beantwoording van onopgeloste vrae gelei wat haar eindelik bevry het/emosionele gesondheid besorg het sodat sy as jong meisie tot nuwe insigte kon kom/kon ontwikkel. √ | 1<br><br>1 |
| 7.5 | Leendra is spyt dat sy nooit die kans gehad het/gaan hê om vir haar ma (ouers) jammer te sê oor die gebeure rondom haar verhouding met Ferdinand nie, want haar pa was nie ten gunste van hul verhouding nie. /die diefstal/die moord nie omdat sy dit baie graag sou wou doen en later daarna smag om dit te kon doen. √<br><br>Nee<br>Haar ma is oorlede voor sy dit kon doen. √<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN voorbeeld van uiterlike konflik aan en motiveer of die konflik opgelos is, bv.*<br><br>Leendra en Minette ervaar uiterlike konflik by Patty se verjaardagpartytjie toe Minette Leendra uitdaag oor haar teenwoordigheid en Leendra snedig reageer. √<br><br>Ja, die konflik word opgelos.<br>Leendra en Minette gesels beskaafd/rustig met mekaar by Rebekka se begrafnis nadat albei 'n folteringsproses deurgemaak het/tot bepaalde nuwe insigte omtrent die lewe gekom het. √<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die konflik vir EEN punt aandui.* | 1<br><br>1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | Mario Martinelli √<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE karaktereienskappe en 'n motivering van elkeen vir EEN punt elk aan, bv.*<br><br>Romantikus – na 'n warrelwind vriendskap en romanse met Gretel vra hy haar om te trou.<br>Ambisieus/Sakevernuf – Western Mining/Sy mynmaatskappy delf in die Agterkloof op soek na graniet/Koop Vlaktevlei uit. √√ | 1<br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 7.7 | Vertellersperspektiefsprong/Dit dui 'n sprong tussen die verlede en die hede aan/Tydsprong. √ | 1 |
| 7.8 | Oom Phil het selfdood gepleeg (en dis op daardie spesifieke plek waar Leendra blomme gaan neersit.) √<br><br>Ja<br>Leendra het vrede gevind/karakterontwikkeling ondergaan/tot nuwe insigte gekom nadat sy diep gederf het/'n kans op 'n nuwe lewe het. √<br><br>*Die kandidaat kan nie "nee" as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br>1 |
| 7.9 | Benaming √<br><br>Leendra het 'n vurige humeur/geaardheid gehad. √ | 1<br><br>1 |
| 7.10 | Ja<br>Die leser het verwag dat die Vlaktevleiers hul gemeenskap moes ontruim/hul huise sou van hul weggeneem word, maar nou word nuwe huise gebou en strate geteer. √<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die ironiese wending vir EEN punt aandui.*<br><br>Ja<br>Dit is 'n droom wat vir die Vlaktevleiers waar word wanneer hulle nie hul gemeenskap hoef te ontruim nie. √<br><br>Pastoor Gerald het by Rebekka se begrafnis verklaar dat met haar dood toets die Here die Vlaktevleiers om te sien of hulle mekaar kan vergewe/kan liefhê (soos ware manne en vroue van sout). √ | 1<br><br><br><br>1<br><br>1 |
| 7.11 | In TEKS A is Leendra gefrustreerd/moedeloos/hartseer, maar in TEKS B is sy uitbundig/opgewonde/uitgelate. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.12 | *Droomdelwers* fokus op die verwoestende effek wat hebsug/geldgierigheid op mense/gemeenskappe kan hê. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie boodskap binne die konteks van die tema aan, bv.*<br>Ek het opnuut geleer dat dit belangriker is om 'n behoorlike/goeie medemens te wees voordat ek op ander mense trap om my eie (finansiële) voorspoed te bewerkstellig. √<br><br>Leendra moes in haarself/die verlede delf om eindelik by die droom van 'n beter toekoms uit te kom. √ | 1<br><br><br><br><br>1<br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

---

**VRAESTEL 3: DIE CURRICULUM VITAE EN DEKBRIEF**

Dit is belangrik dat jy die raamwerk, vorm of formaat van alle transaksionele tekste moet ken. Dit beteken eenvoudig dat jy moet weet hoe lyk die teks bv. 'n brief het adres, daar is verskillende groetvorme in verskillende stukke bv. Jou beste vriend, liewe ouma, ensomeer.

Die volgende deel is 'n voorbeeld van wat jy oor die Dekbrief en CV moet weet.

Onthou ook dat jy twee stukke (transaksionele tekste) in Vraestel 3 moet doen.

Vra jou opvoeder om die volgende bron as verwysing aan jou te verskaf:

**Departement van Basiese Onderwys se "Studiegids vir die skryf van Opstelle, Transaksionele Tekste Afrikaans Graad 10 – 12 Huistaal, Eerste addisionele Taal, Tweede Addisionele Taal" 2019**

Wees altyd kreatief, maar let op die register (taal waarin jy moet skryf) van die verskillende stukke.

’n **Curriculum Vitae** is bloot ’n **self-“advertensie**” van die werksoeker / kandidaat. Dis die eerste indruk wat ’n werkgewer van jou kry en die doel daarvan is om vir jou ’n **onderhoud** los te slaan. Daarom moet dit so **professioneel** moontlik gedoen word sodat die werkgewer kan sien dat jý die **beste persoon vir die werk** is.
Wat jy ookal op jou CV insluit, wees te alle tye **eerlik**. Natuurlik moet jy jouself bevorder, maar doen dit deur **klem te lê op jou sterkste eienskappe en wat jy het om aan te bied.**

’n **Dekbrief** is ‘n **Formele brief** (gebruik die formaat van die formele briefvorm) wat **jou CV vergesel**. In die Dekbrief noem jy vir watter pos jy aansoek doen, verduidelik jy waarom jy die geskikte kandidaat vir die pos is en sê watter dokumente jou aansoek vergesel. Hou dit kort en kragtig – so een of twee paragrawe. ‘n Dekbrief is **nie herhaling van die inligting op jou CV** nie!

**Hou die volgende riglyne in gedagte by die skryf van ‘n CV:**

- Kontaknommers word bo-aan die CV aangebring - duidelik sigbaar sodat die werkgewer jou maklik kan skakel sonder dat dit ’n soektog afgee.
- Hou jou CV so eenvoudig as moontlik. Moenie opstelle skryf nie. Gebruik liewer kolpunte (bullets) om inligting te lys. Dit maak die inligting makliker leesbaar.
- Sluit gerus twee of drie stokperdjies op jou CV in. Dit is iets wat al hoe minder voorkom, maar dit help tog om ‘n prentjie te skep van wie jy as mens is.
- By kwalifikasies gekom, noem al die kursusse - ook indiensopleiding) - wat jy ondergaan het. Dink aan alles, bv. Rekenaarkursusse, Noodhulpopleiding en formele opleiding soos universiteitsgrade.
- Noem gerus jou leiersposisies en uitsonderlike prestasies op skool en universiteit.
- Voeg by werksondervinding ’n lys van pligte en verantwoordelikhede wat jy gehad het, by.
- Verwysings kom heel laaste. Maak seker kontaknommers is korrek, veral as jy vir ’n paar jaar nie met die betrokke persone kontak gehad het nie.
- Proeflees jou CV. **Spelfoute skep ’n geweldige swak en slordige indruk**

**CV Moontlike hofies:**

- Naam (+ foto – nie verpligtend nie);
- Kontakbesonderhede (Baie belangrik);
- Persoonlike inligting (Besluit self wat jy alles wil sê);
- Kwalifikasies (as jy in matriek is, sê “Kandidaat gr. 12”);
- Werksondervinding (dink ook aan vakansiewerk, kinderwagter, ens.);
- Belangstellings / stokperdjies (Nie “speel games” / “kyk TV” / “kuier” nie!!);
- Referente (mense wat jou ken en uit ampshoedanigheid vir jou kan getuig, **nie familie nie**!).

Bestudeer die volgende voorbeelde van 'n Dekbrief en CV.
Onthou, jou aansoek – Dekbrief en CV – moet iets van jou as mens weerspieel en ook pas by die tipe werk waarvoor jy aansoek doen.
'n Persoon wat vir 'n pos in die Kuns- / teaterbedryf aansoek doen, se CV en dekbrief gaan dalk meer kreatief / informeel wees as dié van 'n persoon wat by 'n ouditeursfirma wil gaan werk.
Bestudeer die advertensie van die vakante pos goed om seker te maak jy voorsien al die gevraagde inligting.

**Voorbeeld van 'n dekbrief**

Posbus 16
Piketberg
7320
18 Augustus 2024

Munisipale Bestuurder
Bergrivier Munisipaliteit
Privaatsak x2
Malmesbury
7320

Geagte Heer / Dame

Aansoek om betrekking

Hiermee doen ek aansoek om die betrekking van bibliotekaresse soos geadverteer in Die Weslander van 14 Augustus 2021

Aangeheg die volgende dokumente:

- Verkorte CV;
- Gewaarmerkte afskrifte van getuigskrifte; en
- Gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies.

Ek glo dat ek die geskikte kandidaat vir die genoemde pos is omdat ek aan al die vereistes in die advertensie genoem, voldoen. Ek beskik oor 'n BA-graad in biblioteekwese en het reeds vyf jaar ondervinding as biblioteekassistente. Ek is welbelese met 'n besondere belangstelling in aktuele sake soos bevestig deur my getuigskrifte, baie georden, 'n metodiese werker en altyd bereid om te leer. Verder beskik ek oor goeie kommunikasievaardighede, is rekenaarvaardig en het 'n slag met mense.

Indien ek in die pos aangestel word, kan u verseker wees van my lojaliteit en uitstekende diens.

Ek vertrou dat u my aansoek gunstig sal oorweeg.

Die uwe

…………………………

(Me.) P. Poggenpoel

VOORBEELD VAN CV:

**CURRICULUM VITAE**
**VAN**

FOTO VAN
JOUSELF

Petra Susara Wilhelmina (Susan) Smit

**A: PERSOONLIKE BESONDERHEDE**

| | |
|---|---|
| VOLLE NAME: | Petra Susara Wilhelmina Smit |
| NOEMNAAM | Susan |
| GEBOORTEDATUM: | 2000 – 09 – 21 |
| IDENTITEITSNOMMER: | 200009214560 083 |
| KERKVERBAND: | NG-kerk |
| WOONADRES | Loopstraat 3<br>Worcester<br>6856 |
| TALE MAGTIG: | Afrikaans (Goed)<br>Engels (Goed)<br>Xhosa (Praat, redelik) |
| RYBEWYS: | Kode EA |

**B: KONTAKBESONDERHEDE:**

| | |
|---|---|
| SELFOON: | 082 489 3322 |
| LANDLYN: | 021 6433 990 |
| E-POS-ADRES: | susie@gmail.com |
| SLAKKEPOS: | Posbus 13<br>Worcester<br>6856 |

**C: KWALIFIKASIES:**

GR. 12 HOëRSKOOL WITRAND (2018)
NOODHULPSERTIFIKAAT VLAK 3 (2017)

**D: WERKSONDERVINDING:**

Verantwoordelik vir toesig oor akademiese huiswerk, Gr. 4-leerder - 2018
Babaoppasser: Naweke - 2018
Assistent: Apteek – 2 weke - 2018

**E: PRESTASIES:**

Kaptein: SA Skole-toutrekspan - 2017
Erekleure (Akademie) - 2018
Dux-leerder: - 2018

**F: BUITEMUURSE DEELNAME**

| | | |
|---|---|---|
| Netbal: | (o/19 B) | 2015 – 2018 |
| Atletiek | (Skyfwerp) | 2012 – 2018 |
| Toutrek | (SA-skole) | 2014 – 2017 |
| VCSV | (Kringleier) | 2016 – 2018 |
| Leerderraadslid: | | 2015 – 2018 |
| Redenaarskompetisies | (Deelname) | 2014 – 2016 |
| Eisteddfod | (Goue toekennings) | 2014 – 2016 |
| Skoolkoerant | (Redaksielid) | 2016 – 2018 |

**G: BELANGSTELLINGS:**

Sport
Lees
Spyseniering

**H: REFERENTE:**

1. Mnr. P. Uys (Klasonderwyser Gr. 12)
   Selnommer: 072 334 1093
   E-pos: puysie@gmail.com

2. Ds. K. Viljoen (Predikant, NG-Kerk, Worcester-Noord)
   Selnommer: 082 343 5176
   E-pos: kviljoen6@gmail.com

Hier volg nou 'n lekker oefening wat jy aan die hand van bostaande voorbeeld kan doen.
Onthou: Oefening bring sukses! Vra jou opvoeder om jou poging te evalueer.

*Bestudeer die onderstaande advertensie wat in 'n plaaslike koerant verskyn het en stel 'n Dekbrief en CV saam wat gebruik kan word om aansoek te doen vir die vakature.*

**SPUR**



soek jou as kelner / kelnerin.

**Basiese salaris wat aangevul word deur fooitjies.**
**Geen ervaring word vereis nie.**
**Indiensopleiding sal verskaf word.**

Moet van 10 Desember 2021 – 7 Januarie 2022 beskikbaar wees.
Moet bereid wees om op openbare vakansiedae te werk.
Kort CV 'n vereiste. Meld 2 referente.

**Doen aansoek by:**
Die Bestuurder
Grand Canyon Spur
Posbus 3
Laaiplek
2210

**OF**

**stuur 'n e-pos na:** bestuurder@GCS.gmail.com

Die volgende **RUBRIEK** sal gebruik word om jou Dekbrief en CV te bepunt:

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE – HUISTAAL [25 PUNTE]

| **Kriteria** | **Uitsonderlik** | **Knap** | **Gemiddeld** | **Elementêr** | **Onvoldoende** |
|---|---|---|---|---|---|
| | **13–15** | **10–12** | **7–9** | **4–6** | **0–3** |
| **INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT** Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks **15 PUNTE** | Respons uitsonderlik, bo verwagting - Idees intelligent en volwasse - Grondige kennis van kenmerke van die soort teks - Skryfwerk behou fokus - Samehang in inhoud en idees -Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun - Gepaste en akkurate formaat | -Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie - Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun - Gepaste formaat met onbeduidende foute | -Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks - Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees - Sommige detail ondersteun die onderwerp - Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute | -Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks - Aanduiding van fokus, maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Min detail ondersteun die onderwerp - Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas - Kritiese foute begaan | -Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie - Betekenis onduidelik met groot afwyking -Geen samehang in idees en inhoud nie - Baie min detail ondersteun die onderwerp - Nodige reëls van formaat nie toegepas nie |
| | **9–10** | **7–8** | **5–6** | **3–4** | **0–2** |
| **TAAL, STYL & REDIGERING** Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks; Taalgebruik en konvensies; Woordkeuse; Punktuasie en spelling **10 PUNTE** | -Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks - Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer - Feitlik foutloos | -Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks - Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer - Baie goeie woordeskat - Oorwegend foutloos | -Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks -Enkele grammatikafoute -Voldoende woordeskat - Foute belemmer nie betekenis nie | -Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks - Grammatika onakkuraat met etlike foute -Basiese woordeskat - Betekenis belemmer | -Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie - Besaai met foute en verward - Woordeskat nie geskik vir doel nie - Betekenis ernstig belemmer |


**TAALSTRUKTURE- EN KONVENSIES**

# Woordsoorte

By die studie van woordsoorte moet die uitgangspunt wees dat woorde dikwels nie net tot een woordsoort behoort nie. Die funksie of woordsoortlikheid van woorde blyk uit die sinsverband, bv.

| No. | Voorbeeldsinne | Woordsoort |
|---|---|---|
| 1 | **Wys** my jou geskenk. | Werkwoord |
| 2 | Hy is **wys**. | Byvoeglike naamwoord |
| 3 | Tree **wys** op deur tuis te bly. | Bywoord |

Hier volg die 10 woordsoorte wat jy moet leer. In hierdie boekie gaan ons die volgende 5 woordsoorte behandel: Die selfstandige naamwoord, die byvoeglike naamwoord, die werkwoord, die bywoord en die voornaamwoord.



## 1. Die selfstandige naamwoord (s.nw.)

| BETEKENIS | TOETS | VOORBEELD |
|---|---|---|
| Dit is gewoonlik die een of ander ding, persoon, plek, saak, eienskap of gebeurtenis. | Kan ***'n*** of ***die*** voor die woord geplaas word?<br><br>OF<br><br>Het die woord 'n meervouds- of verkleiningsvorm? | 'n stoel<br>die stoel<br><br>stoele<br>stoeltjie<br><br>Stoel is dus 'n selfstandige naamwoord. |
| | | |
| **6 Soorte selfstandige naamwoorde** | **Beskrywing** | **Voorbeelde** |
| 1. Soortnaam | Konkrete dinge wat getel kan word. | Hond; stoel; masker |
| 2. Eienaam | Die naam van spesifieke persone, plekke, organisasies, publikasies; kry gewoonlik nie 'n meervoud nie. | Bergrivier, Die Burger, Suidooster |
| 3. Massanaam | Goed wat eintlik nie getel kan word nie; kry ook nie 'n meervoud nie. | Vleis, goud, suiker, water, meel |
| 4. Maatnaam | Dit beskryf 'n afgemete deel van 'n massanaam. | Twee kilogram vleis<br>'n sak goud/ meel<br>'n lepel suiker<br>'n kan water |
| 5. Abstrakte selfstandige naamwoord | Dit is ontasbare dinge. | Liefde, vriendskap, haat |
| 6. Versamelname | Dit beskryf 'n groep soortname. | 'n <u>skool</u> visse<br>'n <u>bundel</u> gedigte<br>'n <u>bondel</u> wasgoed |

**Hoe kan vrae oor die selfstandige naamwoord in die eksamen gevra word?**

- Benoem die woordsoort / Benoem die selfstandige naamwoord volledig.
- Gebruik as 'n selfstandige naamwoord in 'n sin van jou eie…
- Vorm 'n selfstandige naamwoord van ...
- Skryf die meervoudsvorm/ verkleiningsvorm/ geslag neer…
- Skryf 'n ander meervoudsvorm van (bv.) tegnikusse neer…

## 2. Die byvoeglike naamwoord (b.nw.)

| **BETEKENIS** | **TOETS** | **VOORBEELD** |
|---|---|---|
| Dit beskryf die selfstandige naamwoord. | Kan dit voor 'n naamwoord asook na 'n koppelwerkwoord staan en steeds iets oor die naamwoord sê?<br><br>OF<br><br>Het die woord 'trappe van vergelyking? | 'n lam stoel<br><br>OF<br><br>Die groen hemp<br>groen⇨groener⇨groenste |
| | | |
| 2 Soorte byvoeglike naamwoorde | Beskrywing | Voorbeelde |
| Attributiewe byvoeglike naamwoord | Dit staan voor die selfstandige naamwoord. | 'n **skoon** masker |
| Predikatiewe byvoeglike naamwoord | Dit staan na die selfstandige naamwoord. | Die masker is **skoon.** |
| **VORME VAN DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD** | | |
| Intensiewe vorme | Dit is byvoeglike naamwoorde in die versterkende graad. | Hemelhoog |
| Trappe van vergelyking | Dit is byvoeglike naamwoorde Wat nie met intensiewe vorme verwar moet word nie; dit kan ook verbuig word. | hoog ⇨ hoër ⇨ hoogste<br><br>Verbuiging: hemelhoë |

**Hoe kan vrae oor die byvoeglike naamwoord in die eksamen gevra word?**

- Benoem die woordsoort ...
- Vorm 'n byvoeglike naamwoord van ...
- Vorm 'n afgeleide byvoeglike naamwoord van die woord ... in ...
- Word die byvoeglike naamwoord attributief of predikatief gebruik?
- Skryf die intensiewe vorm van ... neer.
- Skryf die stellende/ vergrotende/ oortreffende trap van die woord neer.
- Skryf die korrekte vorm van die onderstreepte byvoeglike naamwoord in ...neer.

**3. Die werkwoord (ww.)**

| BETEKENIS | TOETS | VOORBEELD |
|---|---|---|
| Dit is gewoonlik die een of ander proses of aksie wat plaasvind. | Kan hy/ sy/ dit voor die woord gebruik word (met ander woorde kan dit gedoen word)?<br><br>OF<br>Het die woord 'n verledetydsvorm? | Hy/ Sy/ Dit raas.<br><br>OF<br><br>Hy het geraas. |
| | | |
| 3 Soorte werkwoorde | Beskrywing | Voorbeelde |
| A Die **Selfstandige** werkwoord /die hoofwerkwoord | | |
| A1: Die oorganklike werkwoord | Die werkwoord word deur 'n voorwerp gevolg. | Hy skryf 'n opstel. |
| A2: Die onoorganklike werkwoord | Die werkwoord word nie deur 'n voorwerp gevolg nie. | Hy skryf.<br>Hy skryf in die oggend/ graag. |
| A3. Deeltjiewerkwoorde | Deeltjiewerkwoorde is skeibare werkwoorde. | Sy **sit** haar masker **op**.<br>Sy sal haar masker **opsit**. |
| | | |
| B Die **Koppelwerkwoord** | Dit koppel die onderwerp aan 'n eienskap.<br>(Die werkwoord koppel met 'n selfstandige naamwoord OF met 'n byvoeglike naamwoord. | Sy **word** 'n dokter.<br>(*word k*oppel met 'n s.nw.[die dokter]).<br><br>Sy **is** skatryk.<br>(*is k*oppel met 'n b.nw. [skatryk]). |
| | | |
| C Die **hulpwerkwoord** | | |
| Hulpwerkwoord van **tyd** | Slegs verlede tyd (het) en toekomende tyd (sal). | Hy **het** sy kos geëet.<br>Hy **sal** sy kos eet. |
| Hulpwerkwoord van **vorm** | Slegs die lydende vorm is van toepassing. | Sy kos **word** (deur hom) geëet.<br>Sy kos is (deur hom) geëet. |
| Hulpwerkwoord van **wyse/ modaliteit** | Dit dui 'n moontlikheid/ waarskynlikheid aan. | Hy kan/ mag/ moet/ sal/ wil/ laat/ gaan … |
| | | |
| **VORME VAN DIE WOORD** | | |
| Die infinitief | Dit is die werkwoord na "om", "te" en "om te". | Om te oefen is lekker.<br>Oefening is lekker.<br>Dit het niks met my te doen nie. |
| Die deelwoord | Dis 'n woord wat deels 'n werkwoord en deels 'n ander woordsoort is.<br>Dit kan as 'n s.nw., b.nw., bw. gebruik word. | |

| | | |
|---|---|---|
| Daar is twee soorte deelwoorde:<br>-Die teenwoordige (onvoltooide) deelwoord | Die aksie is besig om plaas te vind.<br>Ons gebruik -ende/ -end aan die einde van die woord. | Hy laat 'n blyw**ende** indruk.<br><br>Die kind is hardhor**end**. |
| -Die verlede (voltooide) deelwoord | Die aksie het reeds plaasgevind.<br>Ons gebruik -de, -te of -e aan die einde van die woord. | Hy tel die gebreek**te** koppie op.<br>Ons eet gedroog**de** vrugte. |
| Daar is twee soorte verlede deelwoorde:<br>Swak en sterk verlede deelwoorde. | Die sterk verlede deelwoord kry gewoonlik 'n klank-verandering.<br>Die swak verlede deelwoord kry nie 'n klankverandering nie en word meestal letterlik gebruik. | <br><br>Sy ly aan 'n gebroke hart.<br><br>Die gesoekte misdadiger ontwyk steeds die polisie. |

**Hoe kan vrae oor deelwoorde in die eksamen gevra word?**

- Gebruik die verlede/teenwoordige deelwoord van ... in 'n verduidelikende sin.
- Skryf 'n verlede/teenwoordige deelwoord uit paragraaf ... neer.
- Vorm 'n verlede/teenwoordige deelwoord van die woord ... in paragraaf ...
- Gee die korrekte vorm van die deelwoord tussen hakies.

## 4. Die bywoord (bw.)

| **BESKRYWING:** | | |
|---|---|---|
| Dit beskryf die werkwoord of die byvoeglike naamwoord of 'n ander bywoord. | | |
| | | |
| **5 Soorte bywoorde** | **Beskrywing** | **Voorbeelde** |
| Bywoord van tyd | Werkwoord plus wanneer? | Hy eet soggens. |
| Bywoord van plek | Werkwoord plus waar? | Hy eet in die kombuis. |
| Bywoord van wyse | Werkwoord plus hoe? | Hy eet vinnig. |
| Bywoord van modaliteit | Die hele sin word in ag geneem. | Hy eet darem/ dalk/ beslis/ onmoontlik sy kos |
| Bywoord van graad | Bywoord plus watter mate? | Hy eet besonder/ erg/ baie vinnig. |

**Hoe kan vrae oor die bywoord in die eksamen gevra word?**

- Benoem die woordsoort / Benoem die bywoord volledig.
- Identifiseer die bywoord in ...
- Skryf die bywoord van (bv.) modaliteit in ... neer.
- Gebruik as 'n bywoord in 'n sin van jou eie.
- Vorm 'n bywoord van die woord ... en gebruik dit dan in 'n sin van jou eie.
- Skryf die vergrotende/ oortreffende trap van die bywoord in ... neer.

## 5. Die voornaamwoord (v.nw.)

| SOORT VOORNAAMWOORD | WENK | VOORBEELD |
|---|---|---|
| Persoonlike Voornaamwoord | Dit dien as plaasvervanger vir bv. eiename. | Ek, sy, hy, ons, julle, hulle, dit. **Dit** is my pen. |
| Onpersoonlike Voornaamwoord | (natuurverskynsels) | **Dit** reën nou. |
| Besitlike voornaamwoord | Dui besitting aan. | My pen = myne |
| Wederkerige voornaamwoord | (2 persone is hier betrokke; mekaar) | Hulle groet mekaar. |
| Wederkerende voornaamwoord | (1 persoon) | Sy vererg haar. Hy misgis hom |
| Betreklike voornaamwoord | (die w-/ h- woorde) | Die man **wat** daar sing, is my oom. Ek weet nie **hoe** hy dit doen nie. **Wie** dit gesê het, is gevoelloos. Die mes **waar-mee** hy die vleis sny, is stomp. Ek wonder **hoekom** hy saamgaan. |
| Vraende voornaamwoord | (Vraagwoorde; dieselfde as betreklike v.nwe.) | Wie? Wat? Hoe? Wanneer? Waarmee? Hoekom? |
| Onbepaalde voornaamwoord | (nie-spesifiek) | Iemand/ Iewers/ Niks |
| Aanwysende voornaamwoord | (spesifieke aanwysing) | Dié, hierdie, daardie, sulke |

**Hoe kan vrae oor die voornaamwoord in die eksamen gevra word?**

- Benoem die woordsoort / Benoem die voornaamwoord volledig.
- Hoe verskil die woord **dié** in par. ... van die woord **die** in par. ...
- Watter soort voornaamwoord is ...
- Gebruik die woord ... as (bv.) ’n wederkerende voornaamwoord in ’n sin van jou eie.

**OEFENING OOR WOORDSOORTE**

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.

**Voortydige skoolverlaters is nou die meeste in 20 jaar**

1 Die aantal skoolverlaters sedert die begin van die pandemie is 'n halfmiljoen meer – drie keer soveel as voor die pandemie.

2 Volgens Statistieke Suid-Afrika se algemene huishoudelike peiling het 231 233 leerders van sewe tot 17 jaar oud in 2018 die skool voortydig verlaat. Dié getal het vanjaar (2021) tot 753 371 leerders opgeskiet – dus 522 138 meer of drie keer soveel as voor die Covid-19-pandemie.

3 Volgens die navorsers is dit nog onseker of die skoolverlating permanent of tydelik is, maar dit is iets wat kommer wek. Het die leerders **mekaar** aangesteek?

4 Hoe langer die kinders van die skool wegbly, hoe skraler is die kans dat hulle gaan terugkeer en hul skoolloopbaan voltooi.

1.1. Gebruik die woord "skool" as 'n versamelnaam in 'n sin. (1)
**Antwoord: Ek het 'n skool visse in die see gesien.**

1.2. Skryf 'n voorbeeld van 'n bywoord en 'n aanwysende voornaamwoord uit paragraaf 2 neer. (2)
**Antwoorde:**
**bywoord: voortydig**
**aanwysende voornaamwoord: dié**

1.3. Skryf die verkleiningsvorm van die woord "peiling" (paragraaf 2) neer. (1)
Antwoord: **peilinkie**

1.4. Gebruik die onderstreepte woord "het" (paragraaf 3) as 'n selfstandige werkwoord in 'n verduidelikende sin. (1)
**Antwoord: (bv. ) Ek het 'n boek.**

1.5. Benoem die vetgedrukte woordsoort in paragraaf 3 volledig. (1)
**Antwoord: Wederkerige voornaamwoord**

1.6. Vorm 'n byvoeglike naamwoord van die onderstreepte woorde in paragraaf 3. (1)
**Antwoord: kommerwekkend**

1.7. Skryf die oortreffende trap van die woord "skraler" (paragraaf 4) neer. (1)
**Antwoord: (die) skraalste**

*Baie dankie dat jy die notas, wenke, leermateriaal en oefeninge deurgewerk het.*
*Dit behoort jou goed voor te berei vir enige toets of eksamen.*



***LEER** gereeld en alle sterkte!*